



Vak: Graad 5 Sosiale Wetenskappe (Geografie)

Onderwerp: Sosiale Wetenskappe (Geografie): Kwartaal 2 - Eksamen 1

Totaal: 93 Punte

1. waar 2 punte

Verduideliking:

Die vroeë Europese setlaars het hoofsaaklik met graan en duiwe geboer. Die skepe het hier aangekom om vars voorrade te kry, soos bv. vrugte en water. Skepsvragte en landbou het daarom al in die vroeë 1600's hier begin.

2. waar 2 punte

Verduideliking:

Die kaartsleutel wys dat die groen areas laagliggende areas is. Hierdie areas bereik hoogtes van tot ongeveer 400 m bo seespieël.

3. onwaar 2 punte

Verduideliking:

Die berge naby mere word met die bruin en pers kleure aangedui.

4. dit is naby die kus en bevat brakwater | KwaZulu-Natal 4 punte

Verduideliking:

'n Riviermonding is 'n gedeeltelik omringde kuswatermassa wat brakwater bevat, met een of meer riviere of strome wat daarin vloei. Dit verbind met die see.

5. C: Botswana 4 punte

Verduideliking:

Botswana lê bo (noord van) Suid-Afrika.

6. onwaar 2 punte

Verduideliking:

Suid-Afrika het **ses** buurlande - Swaziland, Lesotho, Botswana, Mosambiek, Namibië en Zimbabwe.



7. Malawimeer | Tanganjikameer | Victoriameer

6 punte

Verduideliking:

Die Victoriameer is die grootste meer in Afrika.

Die Tanganjikameer is die tweede grootste meer in Afrika. Dit is ook die langste meer in die wêreld.

Die Malawimeer is die derde grootste meer in Afrika.

8. die Noord-Kaap | Noord-Kaap

3 punte

Verduideliking:

Die Noord-Kaap is langs die weskus van Suid-Afrika, teenaan die Atlantiese Oseaan, geleë.

9. A: Die Wes-Kaap

4 punte

Verduideliking:

Die Atlantiese Oseaan lê aan die westekant van die Wes-Kaap en die Indiese Oseaan lê aan die oostekant. Die Noord-Kaap het die Atlantiese Oseaan langs sy kuslyn. Die Indiese Oseaan lê langs die kuslyn van die Oos-Kaap en KwaZulu-Natal.

10. Limpoporivier

3 punte

Verduideliking:

Die Changanerivier vloei in die Limpoporivier in. Dit is waar die Changanerivier eindig.

11. B: Atlantiese Oseaan

4 punte

Verduideliking:

Die Oranjerivier mond uit in die Atlantiese Oseaan by Alexanderbaai, omtrent halfpad tussen Walvisbaai en Kaapstad.

12. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Die Tugelarivier se oorsprong is die Mont-aux-Sources in die Drakensberge.

Die Drakensberg bergreeks is in KwaZulu-Natal, nie in Gauteng nie.

13. Vaalrivier | Vaal

3 punte

Verduideliking:

Die Vaalrivier is 1120km lank en vloei in die Oranjerivier in.

14. waar

1 punt

Verduideliking:

Dié see lê bo (aan die noorde van) Afrika.



15. Ethiopië | Ethiopie | Ethiopia

3 punte

Verduideliking:

Hoe donkerder die bruin kleur op die kaart, hoe hoër lê die land. Ethiopië is amper heeltemal donkerbruin op die fisiese kaart.

16. Khartoem | Khartoem.

3 punte

Verduideliking:

Khartoem is die hoofstad en grootste stad in Soedan. Dit is geleë waar die Wit Nyl en die Blou Nyl ontmoet.

17. B: suid van die ewenaar

4 punte

Verduideliking:

Die meeste van die hoogste land bo seevlak word onder die ewenaar, wat suid van die ewenaar is, gevind. Bergagtige gebiede word met die kleur bruin aangedui. Verwys terug na die kaart en kyk hoeveel van die gebied suid van die ewenaar bruin is.

18. fisiese | riviere | lande

6 punte

Verduideliking:

Sommige fisiese eienskappe soos riviere vorm deel van grense tussen lande. Berge is nog 'n voorbeeld van fisiese eienskappe wat deel van grense tussen lande vorm.

19. D.R. Kongo | Kenia

4 punte

Verduideliking:

Nairobi is in Kenia en Kinshasa is in D.R. Kongo. D.R. Kongo en Kenia is lande wat deur die ewenaar verdeel word. Hulle lê deels noord en deels suid van die ewenaar.

20. 'n see | see

3 punte

Verduideliking:

'n See is 'n klein soutwatergebied naby landelike gebiede, terwyl 'n oseaan 'n groot uitgestrekte area water is.

21. water

3 punte

Verduideliking:

Water is noodsaaklik vir oorlewing, sonder water kan geen lewende organisme oorleef nie.

22. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Hoe hoër die land bo seespieël is, hoe kouer is dit. Slegs 'n paar mense woon in bergagtige dele.




23. C: 5 895 m

4 punte

Verduideliking:

Hierdie is die afstand van die seevlak af, direk op tot by die piek van die berg.



24. vervoer | reis | reise

3 punte

Verduideliking:

Stel jou voor hoe moeilik dit sal wees om van Durban na Johannesburg te reis as daar nie paaie was nie.

25. onwaar

2 punte

Verduideliking:

'n Kusvlakte is naby of langs die kus.

26. see | seewaarts

4 punte

Verduideliking:

Riviere vloei altyd afwaarts van hul bron, tot in die see. Ons noem die pad na die see; seewaarts. Die bron is die oorspronklike punt vanwaar die rivier vloei, bv. 'n meer of 'n berg.

27. Limpopo | Limpoporivier

3 punte

Verduideliking:

Almal het water nodig om te oorleef. Meeste van die wêreld se grootste stede is naby riviere geleë.

Die Limpoporivier loop oor 'n afstand van meer as 1 750 kilometer.

28. platorand | KwaZulu-Natal | Vrystaat

6 punte

Verduideliking:

Soos die land skerp daal tot by die kusvlakte, vorm die rand van die plato 'n baie hoë, steil eskaarp of platorand tussen KwaZulu-Natal en die Vrystaat. Dit is bekend as die

Drakensberge.



29. waterval | waterval. | water val | water val.

1 punt

Verduideliking:

'n Waterval is 'n vertikale neerstorting van water wat vanaf 'n hoogte val. Dit word gevorm wanneer 'n stroom of 'n rivier oor 'n steil helling of skuinste afval.

Totaal: 93 Punte